21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Paulus se gebed

## Kolossense 1:9-23

*Hierdie gebed help ons om die behoeftes van die kerk in die breë en die gemeentes in die kleinere raak te sien.*

*Paulus is begaan oor die aard en inhoud van die Christelike lewe. Godsdiens is 'n lewenswyse - dit is om van in, by, en deur Jesus te wees.*

*Om tot God te bid in die naam van Jesus is om lewe oop te stel vir God se kreatiewe en vernuwende Gees wat elke mens kan verander. (Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte..*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Paulus se gebed

**Lees Kolossense 1:9-14**
**1) Wat is God se wil en hoe kan ons dit leer ken? (v9)**

**2) Hoekom is dit belangrik om in alle omstandighede geduldig te volhard? (11)**

**Vra die Here vir wysheid en insig van die Gees.**

**Lees Kolossense 1:15-20**
**1) Wat beteken dit dat God alles deur Christus geskep het? (v16)**

**2) Wat beteken dit volgens jou dat Christus die hoof is? (1v8)**

**Loof God omdat Hy ons deur Christus met Homself versoen het.**